# 27 Januarie 2024 - Lesing 225 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

**Elke gees is 'n oergees, geval of nie –** 2/10/61

**NO: 8008b** Al die van My eens uitgegane wesenlike, alle geestelike wesens, wat uit My Liefde voortgekom het, is uitgestraalde krag. Hulle is in hulle oerbestand-deel dieselfde as Ekself, hulle is Liefdeskrag vanuit My.

Die gevalle geestelike was nou, met die doel om tot My terug te keer, opgelos in ontelbare partikeltjies. Die eens uitgestraalde krag was omvorm tot skeppings van menigvuldige aard, want die krag moes op die een of ander wyse werksaam word, omdat dit die oerwet is sedert ewigheid.

Maar al hierdie opgeloste partikeltjies versamel hulself weer en elke eens gevalle oergees ontvang sy "ek-bewussyn" weer terug, **sodra hy as mens oor die aarde gaan,** sodra hy die laaste gedeelte in die eindelose lang ontwikkelingsproses aflê, voordat hy weer binnegaan in die geestelike ryk.

**Dié op hierdie manier sáámgebringde geestelike bring as siel die uiterlike vorm van 'n mens tot lewe**.

Die siel self is dus die eens gevalle oergees, sy is die ek-bewuste wese wat eens in volheid van lig van My uitgegaan het en in vrye wil afgeval het en wat My teenstander, - die eerste gevalle liggees, **met homself in die diepte ingetrek het.**

Die geweldige menigte oergeskape geeste was **eindeloos** en ook die getal van die wesens wat My trou gebly het was onmeetlik groot. Maar ook hulle was in die diepste grond **dieselfde Liefdeskrag** wat uit My uitgestraal het.

Gaan 'n liggees nou - dus 'n engel - ook die weg oor die aarde met die doel om die kindskap van God te verkry, dan kom hy in dieselfde omstandighede soos elke gevalle gees.

Hy betrek 'n liggaamlike omhulsel wat uit meer of minder uitgerypte geestelike partikeltjies bestaan, want die vlees behoort tot hierdie aarde. Die liggaam kan wel suiwerder wees en minder weerstand teen My in homself hê, maar tog is dit stoflik. En dit laat ook die weg oor die aarde tot 'n swaar beproewing en tot 'n wilstoets word vir dié siel wat in die liggaam woon.

Want weerstande moet daar wees; 'n ligsiel moet ook die stryd deurstaan in die vlees; 'n geveg wat sy steeds weer met My teenstander sal lewer **wat homself van die liggaam bedien,** om die siel op elke moontlike wyse aan te val.

Ook 'n ligsiel sal daarom aan sterk versoekinge blootgestel wees, want die aardse liggaam bevind homself in die gebied van My teenstander en **hy sal verseker 'n ligsiel buitengewoon in die noute bring** om haar ook tot 'n val te bring, waaarme hy eertyds nie geslaag het nie.

Maar die buitengewone liefdeswil van so 'n siel waarborg haar ook steeds die toevoer van krag van bo, want sy gee die verbinding met My nie op nie. Sy word geweldig na My toe getrek en die vurige verlange van haar liefde is 'n sterk wapen in die stryd teen die teenstander, waaruit sy ook as oorwinnaar tevoorskyn sal kom.

Julle mag egter nie glo dat 'n Liggees - 'n nie-gevalle gees – haar by 'n ander gees wat geval het, kan aansluit om die weg oor die aarde te gaan nie. Elke siel is 'n oergees, geval of nie.

Die gevalle oergees lê die ontwikkelingsgang af, **opgelos in ontelbare substansies**, voordat hy homself as mens mag beliggaam, voordat hy dus as "siel" 'n menslike uiterlike vorm betrek.

Die nie-gevalle Gees hoef nie opgelos te word nie, maar betrek **as siel van bo** 'n menslike omhulsel, soos ook die ligwesens, wat 'n hoë liggraad in die ryk hierna bereik het en nou terwille van 'n missie opnuut die weg oor die aarde wil aflê, **met die doel om die kindskap van God te bereik.**

Sulke siele beliggaam hulself dus direk in die vlees, wat eens deur My uitgestraalde kragstroom as **"lewens-asem"** in die menslike liggaam ingaan en gee hierdie uiterlike vorm die lewe.

Julle mense, bedink tog dat al die eens geskapenes Liefdeskrag is wat deur My uitgestraal is, wat deur My Wil tot ek-bewuste wesens geword het, **wat nooit meer kan vergaan nie.**

Maar Ek kan hierdie krag ook omvorm. Ek kan hierdie wesens oplos en **ander skeppings laat ontstaan** as Ek 'n doel voor oë het daarmee, - voortkomend uit My Liefde en wysheid.

Ek kan egter ook so 'n ek-bewuste wese met 'n menslike omhulsel beklee, **wanneer 'n goeie resultaat deur My Liefde en Wysheid verwag word**.

En elke siel, wat aangesien moet word as die eintlike lewe van 'n mens, is 'n oergees, wat deur My eindelose Liefde die moontlikheid gekry het op aarde om die kindskap van God te bereik, waarna elke wese wat deur My geskape is, **self na moet strewe en dit self moet verwerf.** Amein.